

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING

NO. R. 3

19 FEBRUARIE 2016

WET OP DIE REËLSRAAD VIR GEREESHOWE, 1985 (WET NO. 107 VAN 1985)

WYSIGING VAN DIE REËLS WAARBY DIE VERRIGTINGS VAN DIE
VERSKILLENDE PROVINSIALE EN PLAASLIKE AFDELINGS VAN DIE
HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA GEREËL WORD

Die Reëlsraad vir Gereeshowe het kragtens artikel 6 van die Wet op die Reëlsraad vir Gereeshowe, 1985 (Wet No. 107 van 1985), met die goedkeuring van die Minister van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling, die reëls in die Bylae gemaak.

BYLAE

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

Uitdrukings in vierkantige hakies in vetdruk [] verteenwoordig skrappings uit bestaande teks

Uitdrukings met 'n volstreep verteenwoordig invoegings in bestaande teks

Woordomskrywing

1. In hierdie Bylae beteken die "Reëls" die "Reëls waarby die verrigtings van die verskillende provinsiale en plaaslike afdelings van die Hooggeregshof van Suid-Afrika gereël word", gepubliseer kragtens Goewermentskennisgewing No. R. 48 van 12 Januarie 1965, soos gewysig deur Goewermentskennisgewings No's. R. 235 van 18

Februarie 1966, R. 2004 van 15 Desember 1967, R. 3553 van 17 Oktober 1969, R. 2021 van 5 November 1971, R. 1985 van 3 November 1972, R. 480 van 30 Maart 1973, R. 639 van 4 April 1975, R. 1816 van 8 Oktober 1976, R. 1975 van 29 Oktober 1976, R. 2477 van 17 Desember 1976, R. 2365 van 18 November 1977, R. 1546 van 28 Julie 1978, R. 1577 van 20 Julie 1979, R. 1535 van 25 Julie 1980, R. 2527 van 5 Desember 1980, R. 500 van 12 Maart 1982, R. 773 van 23 April 1982, R. 775 van 23 April 1982, R. 1873 van 3 September 1982, R. 2171 van 6 Oktober 1982, R. 645 van 25 Maart 1983, R. 841 van 22 April 1983, R. 1077 van 20 Mei 1983, R. 1996 van 7 September 1984, R. 2094 van 13 September 1985, R. 810 van 2 Mei 1986, R. 2164 van 2 Oktober 1987, R. 2642 van 27 November 1987, R. 1421 van 15 Julie 1988, R. 210 van 10 Februarie 1989, R. 608 van 31 Maart 1989, R. 2628 van 1 Desember 1989, R. 185 van 2 Februarie 1990, R. 1929 van 10 Augustus 1990, R. 1262 van 30 Mei 1991, R. 2410 van 30 September 1991, R. 2845 van 29 November 1991, R. 406 van 7 Februarie 1992, R. 1883 van 3 Julie 1992, R. 109 van 22 Januarie 1993, R. 960 van 28 Mei 1993, R. 974 van 1 Junie 1993, R. 1356 van 30 Julie 1993, R. 1843 van 1 Oktober 1993, R. 2365 van 10 Desember 1993, R. 2529 van 31 Desember 1993, R. 181 van 28 Januarie 1994, R. 411 van 11 Maart 1994, R. 873 van 31 Mei 1996, R. 1063 van 28 Junie 1996, R. 1557 van 20 September 1996, R. 1746 van 25 Oktober 1996, R. 2047 van 13 Desember 1996, R. 417 van 14 Maart 1997, R. 491 van 27 Maart 1997, R. 700 van 16 Mei 1997, R. 798 van 13 Junie 1997, R. 1352 van 10 Oktober 1997, R. 785 van 5 Junie 1998, R. 881 van 26 Junie 1998, R. 1024 van 7 Augustus 1998, R. 1723 van 30 Desember 1998, R. 315 van 12 Maart 1999, R. 568 van 30 April 1999, R. 1084 van 10 September 1999, R. 1299 van 29 Oktober 1999, R. 502 van 19 Mei 2000, R. 849 van 25 Augustus 2000, R. 373 van 30 April 2001, R. 1088 van 26 Oktober 2001, R. 1755 van 5 Desember 2003, R. 229 van 20 Februarie 2004, R. 1343 van 12 Desember 2008, R. 1345 van 12 Desember 2008, R. 516 van 8 Mei 2009, R. 518 van 8 Mei 2009, R. 86 van 12 Februarie 2010, R. 87 van 12 Februarie 2010, R. 88 van 12 Februarie 2010, R. 89 van 12 Februarie 2010, R. 90 van 12 Februarie 2010, R. 500 van 11 Junie 2010, R. 591 van 09 Julie 2010, R. 980 van 19 November 2010, R. 981 van 19 November 2010, R. 464 van 22 Junie 2012, R. 992 van 7 Desember 2012, R. 114 van 15 Februarie 2013, R. 262 van 12 April 2013, R. 471 van 12 Julie 2013, R. 472 van 12 Julie 2013, R. 759 van 11 Oktober 2013, R. 212 van 28 Maart 2014, R. 213 van 28 Maart 2014, R. 214 van 28 Maart 2014, R. 30 van 23 Januarie 2015, R. 31 van 23 Januarie 2015, R. 317 van 17 April 2015 en R. 781 van 31 Augustus 2015.

Vervanging van reël 6 van die Reëls

2. Reël 6 van die Reëls word hierby deur die volgende reël vervang:

"6 Aansoeke

(1) Behalwe waar 'n petisie by wet voorgeskryf is, **[geskied] moet** 'n aansoek **geskied** by kennisgewing van mosie, gesteun deur 'n beëdigde verklaring wat die feite bevat waarop die aansoek berus.

(2) Wanneer regshulp teen iemand geëis word of waar dit nodig of wenslik is om iemand kennis van 'n aansoek te gee, **[word] moet** die kennisgewing van mosie aan sowel die griffier as die betrokke persoon gerig **word**; anders net aan die griffier.

(3) Elke petisie **moet** eindig met die vorm van bevel wat gevra word en **[word] moet** deur of namens die petitioner onder eed bevestig **word**.

(4) (a) Elke aansoek wat *ex parte* gedoen word (hetsy by wyse van petisie of by kennisgewing aan die griffier gesteun deur 'n beëdigde verklaring soos voormeld), **[word] moet** voor middag van die tweede hofdag voor die dag waarop dit aangehoor moet word, by die griffier ingedien en ter rolle geplaas **word**. As dit by kennisgewing aan die griffier geskied, moet die kennisgewing die vorm van die bevel wat aangevra word, bevat en die beëdigde verklaring waarop gesteun word noem, en die griffier moet daarin gevra word om die saak vir beregting ter rolle te plaas, so na moontlik soos Vorm 2 in die Eerste Bylae.

(b) Iemand wat 'n belang het wat geraak kan word deur die beslissing van 'n aansoek *ex parte*, kan 'n kennisgewing aflewer van 'n aansoek om verlof om te bestry, gesteun deur 'n beëdigde verklaring waarin **[hy] die persoon** die aard van sy belang en die gronde waarop **[hy] die persoon** verlang om aangehoor te word, uiteensit, waarop die griffier die aansoek ter rolle **moet** plaas vir beregting saam met **[eersgenoemde] die aanvanklike aansoek**.

(c) Die hof kan by die verhoor die aansoeke onderskeidelik toestaan of afwys, of uitstel op sodanige voorwaardes betreffende die indiening van verdere beëdigde verklarings deur enigeen van die applikante of andersins as wat **[hy] die hof** goeddink.

(5) (a) Elke aansoek wat nie 'n *ex parte*-aansoek is nie, **moet** geskied by kennisgewing van mosie so na moontlik bewoord soos Vorm 2 (a) van die Eerste Bylae, en juiste afskrifte van die kennisgewing en alle aanhangsels daartoe **[word] moet** aan elke party aan wie kennis daarvan gegee moet word, beteken **word**.

(b) In 'n kennisgewing van mosie moet die applikant —

(i) 'n adres binne 15 kilometer van die kantoor van die griffier noem waar die applikant kennisgewing en betekening van alle dokumente in sodanige geding sal aanvaar;

(ii) die applikant se pos-, faksimilee- of elektroniese posadres indien beskikbaar, verskaf; en

(iii) [behoudens die bepalings van artikel 27 van die Wet.] 'n dag vermeld, minstens vyf dae na betekening daarvan aan die respondent, waarbinne die respondent na betekening skriftelik die applikant kennis moet gee of die respondent van voorneme is om die aansoek te bestry, en moet verder meld dat as kennis nie aldus gegee word nie, die aansoek op 'n bepaalde dag, minstens 10 dae na betekening van die kennisgewing aan die respondent, vir beregting ter rolle geplaas sal word.

(c) As die respondent nie binne die in die kennisgewing vasgestelde tyd kennis gee van [sy] die voorneme om te bestry nie, kan die applikant die saak vir beregting ter rolle plaas deur die griffier voor middag op die tweede hofdag voor die dienende dag kennis van terrolleplasing te gee.

(d) Iemand wat die toestaan van 'n bevel in die kennisgewing van mosie aangevra, bestry, moet-

(i) binne die tyd in die kennisgewing vermeld, die applikant skriftelik kennis gee dat hy of sy van voorneme is om die aansoek te bestry, en in sodanige kennisgewing 'n adres vermeld binne 15 kilometer van die kantoor van die griffier, waar sodanige persoon kennisgewing en betekening van alle dokumente sal aanvaar, asook sodanige persoon se pos-, faksimilee- of elektroniese posadres indien beskikbaar;

(ii) binne vyftien dae na kennisgewing aan die applikant van sy of haar voorneme om die aansoek teen te staan, sy of haar antwoordende beëdigde verklaring, indien enige, aflewer saam met enige desbetreffende dokumente indien; en

(iii) as hy of sy van voorneme is om enige regspunt te opper, moet hy of sy 'n kennisgewing aflewer van sy of haar voorneme om so te doen, binne die tydperk vermeld in die voorafgaande subparagraaf, en sodanige regspunt vermeld.

(e) Die applikant kan binne 10 dae na betekening aan [hom] die respondent van die in subparagraaf (ii) van paragraaf (d) bedoelde beëdigde verklaring en dokumente 'n

repliserende beëdigde verklaring aflewer. Die hof kan na goeëdunke die indiening van verdere beëdigde verklarings toelaat.

(f) (i) As geen antwoordende verklaring of kennisgewing van 'n regspunt binne die in subparagraaf (ii) van paragraaf (d) voorgeskrewe tyd afgelewer word nie, kan die applikant binne vyf dae na die verstryking daarvan by die griffier 'n verhoordatum aanvra.

(ii) As so 'n verklaring wel afgelewer word, kan die applikant binne vyf dae na die aflewering van [sy] 'n repliserende beëdigde verklaring, of as hy nie een indien nie, binne vyf dae na die verstryking van die in paragraaf (e) genoemde tydperk 'n datum aanvra en as so 'n kennisgewing afgelewer word, kan die applikant so 'n datum binne vyf dae na aflewering van so 'n kennisgewing aanvra.

(iii) As [hy] die aansoeker nie binne die betrokke tyd 'n datum aanvra nie, kan die respondent dit onmiddellik by verstryking doen. Skriftelike kennisgewing van die toegewese datum [word onverwyld] moet deur die applikant of respondent, na gelang van die geval, aan die teenparty gegee word binne vyf dae vanaf kennisgewing van die griffier.

(g) As 'n aansoek nie behoorlik op beëdigde verklaring beslis kan word nie, kan die hof die aansoek van die hand wys of na goeëdunke 'n bevel gee om 'n regverdige en spoedige beslissing te verseker. In die besonder, maar sonder om die omvang van die voorgaande in te kort, kan hy beveel dat mondelinge getuienis aangehoor word ten einde 'n bepaalde feitegeskil te beslis en kan hy vir daardie doel 'n deponent beveel om persoonlik te verskyn of kan hy verlof gee dat [hy] die deponent of enigiemand anders gedagvaar word om te verskyn en ondervra en gekruisvra te word as 'n getuie, of hy kan die saak vir verhoor verwys met gepaste voorskrifte betreffende pleitstukke, die omskrywing van geskilpunte, of iets anders.

(h) Die bepalinge van paragrafe (c) en (f) is [*mutatis mutandis*] behoudens die nodige veranderinge op petisies van toepassing.

(6) Die hof kan na aanhoring van 'n aansoek, hetsy *ex parte* of andersins, 'n bevel weier (behalwe betreffende koste, as daar is) maar die applikant verlof gee om die aansoek op dieselfde stukke, aangevul met sodanige verdere beëdigde verklarings as wat nodig mag wees, te hernieu.

(7) (a) 'n Party tot enige aansoek kan 'n teenaansoek doen of kan enige party daarby voeg soos hy dit sou kon gedoen het as hy verweerder in 'n aksie was en die ander

partye tot die aansoek partye tot so 'n aksie was. **[Reël] Die bepalings van reël 10 sal dan geld [dan *mutatis mutandis*].**

(b) Die tydperke ten opsigte van aansoeke voorgeskryf is [*mutatis mutandis*] van toepassing op teenaansoeke: Met dien verstande dat die hof indien goeie gronde aangevoer word, die beregting van die aansoek kan uitstel.

(8) Iemand teen wie 'n bevel *ex parte* toegestaan is, kan die keerdatum vervoeg met vier-en-twintig uur kennisgewing.

(9) 'n Afskrif van elke aansoek in verband met die boedel van 'n gestorwene of van iemand wat beweer word 'n verkwister te wees, of wat handelsonbevoegd is op geestelike of ander gronde, **[word] moet**, voor so 'n aansoek by die griffier ingedien word, aan die Meester vir oorweging en verslag voorgelê word; en as iemand by die hof aanbeveel staan te word vir aanstelling as kurator van eiendom, **[word] moet** so 'n aanbeveling ook aan die Meester vir verslag voorgelê word: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subreël nie op enige aansoek ingevolge reël 57 van toepassing is nie, tensy die teendeel uit daardie reël blyk.

(10) Die bepalings van subreël (9) geld ook vir alle aansoeke om aanstelling van administrateurs en trustees ingevolge aktes of kontrakte betreffende trustfondse of vir die administrasie van trusts wat by testamentêre beskikking geskep is.

(11) Ondanks die voorgaande subreëls, kan interlokutoriese aansoeke en aansoeke wat betrekking het op hangende gedinge, geskied by kennisgewing, gesteun deur desbetreffende beëdigde verklarings, en ter rolle geplaas word vir 'n tyd deur die griffier toegewys of deur 'n regter vasgestel.

(12) (a) By dringende aansoeke kan die hof of 'n regter afsien van die vorms en betekening wat die reël voorskryf en kan hy so 'n aangeleentheid afhandel waar en wanneer en soos **[hy] die hof** goeddink, maar sover moontlik in ooreenstemming met die reëls.

(b) In elke beëdigde verklaring of petisie wat ter ondersteuning van 'n aansoek ingevolge paragraaf (a) van hierdie subreël ingedien word, moet die applikant uitdruklik die omstandighede vermeld wat **[volgens hom] na bewering** die aangeleentheid dringend maak en die redes waarom **[hy] die aansoeker** beweer dat **[hy] die aansoeker** nie mettertyd wesenlike verhaal by gewone beregting sal kry nie.

(c) Iemand teen wie 'n bevel in 'n dringende aansoek in **[sy] die persoon se** afwesigheid toegestaan is, kan by kennisgewing die saak ter rolle plaas vir heroorweging van die bevel.

(13) By 'n aansoek ampshalwe teen 'n Minister, Adjunk-minister, [Administrateur] Lid van 'n Uitvoerende Raad, amptenaar of werknemer van die Staat, teen die Staat of teen die administrasie van 'n provinsie is die onderskeie tydperke bepaal in paragraaf (b) van subreël (5), of vir die keerdatum van 'n bevel *nisi*, minstens 15 dae na die betekening van die kennisgewing van mosie of die bevel *nisi*, na gelang van die geval, tensy die hof spesiaal 'n korter tydperk gemagtig het.

(14) [Reëls] Die bepalings van reëls 10, 11, 12, 13 en 14 geld [*mutatis mutandis*] vir alle aansoeke.

(15) Die hof kan op aansoek beveel dat bewerings wat aanstootlik, kwelsustig of irrelevant is uit 'n beëdigde verklaring geskrap word, met 'n gepaste bevel betreffende koste, insluitende koste tussen prokureur en kliënt. Die hof [staan] mag nie die aansoek [toe] toestaan nie tensy hy oortuig is dat die applikant [in sy saak] benadeel sal word as [dit] die aansoek nie toegestaan word nie."

Vervanging van Vorm 2 van die Eerste Bylae tot die Reëls

3. Vorm 2 van die Eerste Bylae tot die Reëls word hierby deur die volgende vorm vervang:

"VORM 2

KENNISGEWING VAN MOSIE

(Aan Griffier)

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(..... AFDELING)

In die saak van:

.....

Applikant

NEEM KENNIS dat aansoek namens bogenoemde applikant op die dag van [19] 20 om 10:00 of so spoedig daarna as wat die advokaat aangehoor kan word, gedoen sal word om 'n bevel met die volgende bepalings:

(a)

(b)

(c)

en dat die beëdigde verklaring van hierby aangeheg gebruik sal word ter ondersteuning daarvan.

Geliewe die saak dienooreenkomstig vir verhoor ter rolle te plaas.

GEDATEER te

.....

.....
 Applikant se Prokureur

Aan die Griffier van bogenoemde Hof.

Vervanging van Vorm 2(a) van die Eerste Bylae tot die Reëls

4. Vorm 2(a) van die Eerste Bylae tot die Reëls word hierby deur die volgende Vorm vervang:

“VORM 2(a)

KENNISGEWING VAN MOSIE

(AAN GRIFFIER EN RESPONDENT)

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(..... AFDELING)

In die saak tussen:

Applikant

en

Respondent

NEEM KENNIS dat (hierna die applikant genoem) voornemens is

om by hierdie hof aansoek te doen om 'n bevel

(a).....

(b)

(c).....

(sit hier die vorm van die aangevraagde bevel uiteen) en dat die bygaande beëdigde verklaring van (of petisie waar regtens vereis) gebruik sal word ter ondersteuning daarvan.

NEEM VERDER KENNIS dat die applikant (meld hier 'n adres soos in reël 6(5)(b) bedoel) aangewys het waar hy kennisgewings en die betekening van alle prosesstukke in hierdie verrigtinge sal aanvaar.

NEEM VERDER KENNIS dat indien u voornemens is om hierdie aansoek te bestry, u (a) die applikant se prokureur op of voor die skriftelik daarvan in kennis moet stel en (b) binne vyftien dae nadat u aldus kennis gegee het van u voorneme om die aansoek te bestry, u antwoordende beëdigde verklarings, as u het, moet indien; en verder dat u in die kennisgewing 'n adres soos in reël 6(5)(b) bedoel moet aangee waar u kennisgewings en die betekening van alle dokumente in hierdie verrigtings sal aanvaar.

Indien geen kennis van voorneme om te bestry gegee word nie, sal die aansoek op om(tyd) gedoen word.

GEDATEER te hierdiedag van[19] 20.....

.....
Applikant se Prokureur
(adres)

Aan:

(1) C.D.

(adres),

RESPONDENT.

(2) Die Griffier van bogenoemde Hof,

....."

Inwerkingtreding

5. Hierdie reëls tree in werking op 22 Maart 2016.